

17 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 7:1-17

Jesus Christus gee lewe vir almal wat in Hom glo

Jesus het dikwels siek mense genees en daardeur aangetoon dat Hy die dood kan afweer. As Seun van God het Hy egter ook oor die dood sélf volkome gesag, en dit bewys Hy wanneer Hy mense wat reeds dood was lewend aan hulle dierbares teruggee.

In beide verhale uit Lukas 7:1-17 is dit duidelik dat daar buite Jesus om geen hoop op lewe was nie. Die weduwe van Naïn se enigste seun was reeds dood. En die offisier se slaaf was só siek dat hy onherroeplik “op sterwe gelê het” (7:2). Wanneer Jesus die Romeinse offisier se diepe nederigheid en opregte geloof sien (7:9), genees Hy die slaaf sonder om hom te sien óf aan te raak. Let daarop dat afstand geen rol speel wanneer Jesus optree nie. Die seun van die weduwe wek Hy uit die dood op en gee hom in liefdevolle ontferming aan sy moeder terug terwyl Hy die baar aanraak en na die seun kyk. Kyk net hoe aangrypend is die toneel: normaalweg sou Jesus en sy volgelingen volgens Joodse gebruik eerbiedig opsy moes staan terwyl die begrafnisstoet by hulle verbygaan. Die **dood** kry die “reg van weg” in die **ou bedeling**. Maar Jesus, die bewerker van die **nuwe bedeling van lewe**, bring die optog van die dood tot stilstand. ‘n Huilende moeder word ‘n laggende, blye moeder as die Lewensvors haar enigste seun aan haar teruggee!

In hierdie twee Messiaanse tekens sê God duidelik vir jou dat siekte, dood en hartseer nie sy wil vir jou is nie. Sy wil is dat jy sal lewe in die volle betekenis van die woord. Daarom het Hy sy Seun as Verlosser aan jou gegee en is Hy via kruis en opstanding met jou op pad na ‘n nuwe aarde toe. Daar sal God sélf die trane van jou oë afdroog en jou vir ewig deel maak van ‘n wêreld waar sy lewenswil volkome sal geskied!

Sing: Skrifberyming 27:4,5

Ds JJ Cloete (Koster)